

Charlie Coulson:

Die Tamboerslaner



Deur dr. M.L. Rossvally

Vertaling gedoen deur Esta Jefferies van
DIE TEOLOGIESE SEMINARIUM VAN DIE BAPTISTE
in Kemptonpark

Vooraf

Die verhaal speel af teen die agtergrond van die Amerikaanse Burgeroorlog.

Hierdie ware verhaal wat direk uit die slag van Gettysburg Pennsylvania (1^{ste} tot die 3^{de} Julie 1863) voortgespruit het, is vir meer as 'n honderd jaar 'n bron van inspirasie. Dit kom uit 'n boek, saamgestel deur SB Shaw, wat in 1884 gepubliseer is. *Christian Living TODAY* het ook ten minste 'n deel hiervan in hulle Julie/Augustus 1985-uitgawe gepubliseer.

'n Vergeelde boekie wat meer na 'n traktaatjie gelyk het as na 'n boek, het in ons huis beland en het lank onder in 'n boks in ons buitekamer gelê. Op 'n dag het ons besluit om orde te skep. In die proses het ons op die boekie afgekom. My man het besluit om eers die boekie deur te blaai voor hy dit weggooi. So is verseker dat die skat wat in ons stoor gelê het, ons harte bereik.

Hierdie boekie is die aangrypende getuienis van dr. ML Rossvally, snydokter in die Verenigde State se weermag tydens die Amerikaanse Burgeroorlog wat in die laaste helfte van die negentiende eeu, 3 Junie - 13 Julie 1863, plaasgevind het. Dit het in boekvorm verskyn onder die titel:

CHARLIE COULSON - *The Drummer Boy*

en is deur die volgende mense uitgegee:

Evangelical Mission Press
Posbus 72, Belville, 7530
Suid-Afrika

Hierdie herdruk van die boekie is gedoen met die toestemming van John Ritchie, Ltd. Kilmarnock, Skotland.

Die reaksie van almal aan wie ek hierdie boekie gegee het om te lees, was genoeg rede vir my om hierdie werk in Afrikaans te vertaal. Almal (jonk, oud, liefhebber en nie-liefhebber van lees) het getuig daarvan dat hulle die boekie nie kon neersit voordat hulle dit gelees het nie. Ek wil beslis gehoor gee aan die versoek om hierdie werk beskikbaar te stel aan elkeen wat kan lees.

Lees dit. Jy sal verseker nie spyt wees nie!

Die vertaler

*Skrifaaanhalings is uit die 1953-vertaling van Die Bybel geneem.

Die Tamboerslaner

Deur dr. M.L. Rossvally

God het uit Sy genade my hart twee of driemaal in my lewe aangeraak voor my bekering en tweemaal was ek onder diepe sonde-oortuiging.

Gedurende die Amerikaanse Burgeroorlog was ek 'n sjirurg in die Amerikaanse Weermag. Ná die slag van Gettysburg was daar letterlik honderde gewonde soldate in die hospitaal. Agt-en-twintig van hulle was só erg gewond dat hulle my dienste onmiddellik benodig het: van sommige moes ek 'n been of bene amputeer, van ander arms en van nóg ander 'n arm én 'n been. Een van hierdie ongevallen was 'n seun wat nog maar net drie maande in diens was. Hy het aangesluit as 'n tamboerslaner omdat hy te jonk was vir aktiewe diens. Toe my assistent-sjirurg en een van die verpleërs die seun chloroform wou gee, het hy sy kop weggedraai en dit beslis geweier.

Toe die verpleër vir hom sê dat dit doktersbevele was, het hy gesê: “Stuur asseblief die dokter na my toe.”

By sy bed gekom, het ek gesê: “Jongman, waarom weier jy die chloroform? Toe ek jou op die slagveld gekry het, was jy so ver heen dat ek gedink het dis amper nie die moeite werd om jou op te tel nie! Maar toe jy jou groot blou oë oopmaak, het ek daaraan gedink dat jy iewers 'n moeder het wat dalk juis op daardie oomblik aan jou gedink het. Ek wou nie hê jy moes op die slagveld sterf nie, daarom het ek beveel dat jy hierheen gebring moes word. Jy het nou al so baie bloed verloor dat jy te swak is om 'n operasie te deurstaan sonder chloroform. Jy moet my dus liever toelaat om jou 'n bietjie chloroform te gee.”

Die seun het sy hand op myne gelê en in my gesig opgekyk: “Dokter, een Sondagmiddag in die Sondagskool – ek was nege-en-’n-half jaar oud – het ek die Here Jesus Christus aangeneem as my Verlosser. Ek het Hom toe leer vertrou, en sedertdien vertrou ek Hom ... en ek weet dat ek Hom nou ook kan vertrou. Hy is my Krag en my Sterkte; Hy sal my ondersteun terwyl u my arm en been afsit!”

Ek het hom toe gevra of hy my dan ten minste sou toelaat om vir hom ’n slukkie brandewyn te gee.

Hy het my weer in die oë gekyk en gesê: “Dokter, toe ek omtrent vyf jaar oud was, het my moeder by my bed kom kniel en haar arms om my nek gesit. ‘Charlie, ek gaan nou bid tot die Here Jesus dat jy nooit die smaak van sterk drank sal proe nie. Jou dierbare pa het as ’n dronkaard gesterf en is in ’n dronkaardsgraf begrawe. Ek het God belowe dat, as dit Sy wil is dat jy groot word, jy jongmanne sal waarsku teen hierdie bitter beker.’ Ek is nou sewentien, maar ek het nog niks sterker as tee en koffie geproe nie. Miskien sal ek binnekort in die teenwoordigheid van my God wees. Sal u my daarheen stuur met ’n brandewynasem?”

Ek sal nooit die kyk vergeet wat die seun my gegee het nie. Op daardie oomblik het ek Jesus gehaat! maar ek het die seun se lojaliteit aan sy Verlosser gerespekteer. Toe ek sien hoe lief hy Hom het en hoe hy Hom sou vertrou tot op die laaste, het dit iets iets in my binneste geraak. Ek het vir daardie seun gedoen wat ek nooit tevore vir enige ander soldaat gedoen het nie: ek het gevra of hy sy predikant wou sien.

“O, ja, asseblief, meneer!” was sy antwoord.

Toe kapelaan R_____ kom, het hy die seun dadelik herken: hy het hom ontmoet by een van die bidure in

sy tent. Hy het sy hand gevat. “Wel, Charlie,” het hy gesê, “ek is jammer om jou in hierdie toestand te sien.”

“O, meneer, als is reg!” het die seun geantwoord. “Die dokter het vir my chloroform aangebied, maar ek het dit van die hand gewys. Toe wou hy vir my brandewyn gee, maar ek het dit ook geweier. As my Verlosser my nou roep, is ek gereed en kan ek by my volle positiewe na Hom toe gaan!”

“Miskien sterf jy nie, Charlie,” het die kapelaan gesê, “maar gestel die Here sou jou wegroep: is daar enigiets wat ek vir jou kan doen wanneer jy weg is?”

“Kapelaan, sit asseblief u hand onder my kussing en vat my klein Bybeltjie. Daarin sal u my ma se adres kry. Stuur dit asseblief vir haar en sê vir haar dat vandat ek by die huis weg is, daar nog nie ’n dag verby gegaan het sonder dat ek ’n gedeelte uit God se Woord gelees het en daaglik gebid het dat die Here my liewe moeder moet seën nie: of ek nou moes opmarsjeer, op die slagveld was, of in die hospitaal...”

“Is daar nog iets wat ek kan doen, my kind?” het die kapelaan gevra.

“Ja. Skryf asseblief ’n brief aan die superintendent van die Sands Street Sondagskool in Brooklyn, N.Y. Skryf vir hom ek het die vriendelike woorde, baie gebede en goeie raad wat hy my gegee het, nooit vergeet nie; dit het my bygebly deur al die gevare en gevegte heen. Nou, in my sterwensuur vra ek die Verlosser om my liewe ou superintendent te seën. Dis al.”

Hy het na my gedraai.

“Dokter, ek is nou gereed. Ek belowe u om nie eens te kreun terwyl u my arm en been afsny nie – moet my net nie chloroform gee nie.”

Ek het belowe. Maar ek het nie die moed gehad om die mes in my hand te neem om die operasie te doen vóórdat ek *self* langsaan eers 'n klein stimulantjie gaan neem het om my moed te gee vir my taak nie!

Terwyl ek deur die vleis gesny het, het Charlie Coulson nie een keer gekreun nie. Maar toe ek die saag vat om die been af te saag, het hy die hoek van sy kussing in sy mond gedruk. Al wat ek hom kon hoor sê was: “O Jesus, geseënde Jesus, staan my nou by!”

Hy het sy belofte gehou en nie een maal gekreun nie.

Ek kon daardie aand nie slaap nie. Maak nie saak na watter kant toe ek gedraai het nie, ek het daardie sagte blou oë gesien en wanneer ek my eie oë toegemaak het, het die woorde: “Geseënde Jesus, staan my nou by!” in my ore bly weerklink.

Tussen twaalf en een het ek uit die bed geklim en hospitaal toe gegaan. Dit was iets wat ek nooit tevore gedoen het nie, tensy ek spesiaal geroep is. My begeerte om die seun te sien, was so groot. Toe ek by die hospitaal aankom, het die nagverpleër my ingelig dat sestien van die ernstige gevalle beswyk het en weggeneem is na die lykshuis toe.

“Hoe gaan dit met Charlie Coulson? Is hy ook dood?” het ek gevra.

“Nee, meneer,” was die antwoord, “hy slaap so rustig soos 'n baba.”

Toe ek by sy bed kom, het een van die verpleegsters my ingelig dat twee jongmanne van die YMCA hospitaal toe gekom het om Bybel te lees en 'n gesang te kom sing. Kapelaan R___ wat hulle vergesel het, het by Charlie Coulson se bed gekniel en vurig vir hom gebid. Hierna het hulle, steeds op hul knieë, 'n pragtige lied gesing: *Jesus Lover of my Soul*. Charlie

Coulson het saam gesing! Ek kon nie verstaan hoe daardie seun wat in sulke geweldige pyn verkeer, kon sing nie!

Vyf dae nadat ek die liewe seun se arm en been geamputeer het, het hy my laat roep. Dit was by hom wat ek die eerste keer die evangelie gehoor het.

“Dokter,” het hy gesê, “my tyd het gekom. Ek verwag nie om weer die son te sien opkom nie, maar dank die Here, ek is gereed om te gaan. Voor ek sterf, wil ek u graag met my hele hart bedank vir al u goedheid. Dokter, u is ’n Jood en u glo nie in Jesus nie. Sal u asseblief hier bly en kyk hoe ek sterf terwyl ek my Verlosser vertrou tot die einde toe?”

Ek het probeer bly, maar ek kon nie. Ek het nie die moed gehad om te kyk hoe hierdie seun sterf nie: jubelend oor die liefde van dieselfde Jesus wat ek geleer is om te haat... Ek het die kamer haastig verlaat.

Omtrent twintig minute later het ’n verpleër my in my privaat kantoor gekry met my hande voor my gesig.

“Dokter, Charlie Coulson wil u sien.”

“Ek het hom nou net gesien,” het ek geantwoord, “Ek kan hom nie weer sien nie.”

“Maar Dokter, hy sê hy móét u nog een keer sien voor hy sterf.”

Ek het besluit om hom te gaan sien, ’n paar mooi woorde vir hom te sê en hom dan alleen te laat om te sterf. Ek was vasberade dat geen woord van sy kant enige invloed op my sou hê sover dit sy Jesus aangaan nie.

Toe ek die kamer binnegaan, het ek gesien dat hy vinnig wegsink. Ek het langs sy bed gaan sit.

Terwyl hy my vra om sy hand te vat, het hy gesê: “Dokter, ek het jou lief omdat jy ’n Jood is. My beste Vriend in die wêreld is ’n Jood.”

Ek het gevra: “Wie is dit?”

Hy het geantwoord: “Jesus Christus aan Wie ek u wil voorstel voordat ek sterf. En, Dokter, sal u my belowe dat u wat ek nou gaan sê nóóit sal vergeet nie?”

Ek het belowe.

Toe sê hy: “Vyf dae gelede, terwyl u my arm en been afgesit het, het ek die Here Jesus Christus gebid om u siel te red.”

Hierdie woorde het diep in my hart ingedring. Ek kon nie verstaan hoe hy – terwyl ek besig was om hom die mees intense pyn te besorg – van homself kon vergeet en oor niks anders as sy Verlosser en my ongeredde toestand kon dink nie!

Al wat ek vir hom kon sê, was: “Wel, my liewe seun, jy sal spoedig piekfyn wees.”

Met hierdie woorde het ek hom verlaat. Twaalf minute later is hy dood, “Veilig in die arms van sy Jesus.”

Honderde soldate het in my hospitaal gesterf gedurende die oorlog. Ek het slegs een gevolg na sy graf toe: Charlie Coulson, die tamboerslaner. Ek het drie myl gery om te sien hoe hy begrawe word. Ek het vir hom ’n nuwe uniform laat aantrek, en hom in ’n offiserskis laat sit, met ’n nuwe VSA-vlag bo-oor gedrapeer. Daardie dierbare seun se sterwenswoorde het ’n diep indruk op my gemaak.

Ek was destyds ryk, maar sou elke sent wat ek besit het wou gee om oor Christus te voel soos Charlie oor Hom gevoel het, maar daardie gevoel kan nie met geld gekoop word nie.

Vir etlike maande na Charlie Coulson se dood kon ek nie ontslae raak van die seun se sterwenswoorde nie. Hulle het voortdurend in my ore weerklink. Maar in die geselskap van offisiere het ek die preek wat Charlie in sy sterwensuur gelewer het geleidelik vergeet. Ek kon egter nooit sy wonderlike geduld te midde van die ergste lyding vergeet nie, ook nie sy eenvoudige vertrouwe in daardie Jesus wie se Naam op daardie tydstip vir my 'n bywoord en 'n vervloeking was nie!

Vir tien lange jare het ek met al die haat van 'n ortodokse Jood teen Christus baklei, totdat God my in Sy genade in kontak gebring het met 'n Christenbarbier. Hy was die tweede instrument tot my bekering.

Teen die einde van die Amerikaanse Burgeroorlog is ek aangestel as sjirurg-inspekteur en is in bevel geplaas van die militêre hospitaal in Galveston, Texas. Eenmaal, op pad terug Washington toe ná 'n inspeksietoer, moes ek 'n paar uur in New York verwy. Na ete het ek afgegaan na die haarkapper toe (iets wat deel was van elke gesogte hotel in die VSA). Toe ek die vertrek instap, is ek verras deur sestien mooi geraamde Skrifgedeeltes in verskeie kleure wat oral in die vertrek gehang is. Toe ek in een van die barbier se stoele gaan sit, het ek regoor my, netjies geraam, die volgende kennisgewing sien hang:

MOET ASSEBLIEF NIE

IN HIERDIE VERTREK VLOEK NIE.

Die barbier¹⁾ het skaars begin skeer, toe begin hy al met my praat oor Jesus. Hy het op so 'n mooi en liefdevolle manier gepraat, dat hy my van my

vooroordele gestroop het. Ek het met groeiende belangstelling geluister na wat hy gesê het.

Die hele tyd wat die barbier gepraat het, het ek aan Charlie Coulson, die tamboerslaner, gedink, al was hy reeds tien jaar dood. Ek was so beïndruk met die woorde en gesindheid van hierdie barbier dat ek hom gevra het om my hare te sny toe hy my klaar geskeer het – al was dit glad nie my plan toe ek die vertrek ingestap het nie! Die heel tyd wat hy my hare geskeer het, het hy voortgegaan met sy preek. Hy het vir my gesê dat, alhoewel hy self nie 'n Jood was nie, hy eens op 'n tyd nét so ver van Christus was as wat ek op daardie dag was.

Ek het aandagtig geluister; my belangstelling het met elke woord wat hy gesê het, gegroei, sodat ek, toe hy my hare klaar geskeer het, gesê het: “Barbier, jy kan nou my hare was”; trouens, ek het die haarkapper alles vir my laat doen wat hy vir een persoon in een sitting kon doen!

Maar alle dinge kom tot 'n einde en omdat my tyd beperk was, het ek gereed gemaak om te vertrek. Ek het my rekening betaal, die barbier bedank vir die gesprek en gesê: “Ek moet die volgende trein haal.” Hy was egter nog nie tevrede nie.

Dit was 'n bitter koue dag in Februarie en die ys op die grond het dit gevaarlik gemaak om in die straat te stap. Die stasie was slegs twintig minute se stap van die hotel af. Die bedagsame barbier het dadelik aangebied om saam met my te stap stasie toe. Ek het sy aanbod dankbaar aanvaar. Ons was skaars in die straat toe haak hy by my in sodat ek nie sou val nie. Hy het min gepraat terwyl ons so stap, totdat ons die stasie bereik het.

By die stasie het hy die stilswye verbreek: “Vreemdeling, jy verstaan miskien nie hoekom ek met jou gepraat het oor die onderwerp wat my so na aan die hart lê nie. Toe jy my winkel instap, het ek aan jou gesig gesien jy is ’n Jood.”

Hy het voortgegaan om met my te praat oor sy “geliefde Verlosser” en gesê dat hy dit elke keer wat hy in kontak kom met ’n Jood sy plig ag om hom te probeer voorstel aan sy beste Vriend in *hierdie* wêreld, en in die wêreld hierna. Toe ek die tweede keer in sy gesig kyk, het ek trane langs sy wange sien afloop; hy was sigbaar baie aangedaan. Ek kon nie verstaan hoe hierdie man, ’n totale vreemdeling, so besorg kon wees oor my welsyn, en ook trane kon stort terwyl hy met my praat nie!

Ek het my hand uitgesteek om hom te groet. Hy het my hand in albei syne geneem, dit sag gedruk, trane nog stromend oor sy wange, en gesê: “Vreemdeling, as dit enige troos vir jou sou wees, gee my jou visitekaartjie en ek belowe jou, op die eer van ’n Christen, dat ek die volgende drie maande nie één nag sal gaan slaap voordat ek jou in my gebed genoem het nie. En mag my Verlosser jou nou volg, jou pla en jou geen rus gee totdat jy Hom gevind het, soos ek Hom gevind het nie: ’n kosbare Verlosser, en die Messias na Wie jy soek.”

Ek het hom bedank vir sy bedagsaamheid. Nadat ek my visitekaartjie aan hom oorhandig het, het ek taamlik skerp gesê: “Daar is nie veel gevaar dat ek ooit ’n Christen sal word nie.”

Hy het sý kaart aan my oorhandig met die woorde: “Sal jy asseblief vir my skryf as God dalk my gebede vir jou beantwoord?”

Ek het kleingelowig geglimlag en gesê: “Sekerlik!” Maar ek het nooit kon droom dat God binne die volgende agt-en-veertig uur in Sy genade daardie barbier se gebed sou beantwoord nie. Ek het sy hand hartlik geskud en gesê: “Tot siens.”

Ten spyte van my onbesorgde uiterlike het ek gevoel dat hy ’n diep indruk in my gemoed gemaak het – u sal sien dat hy werklik het.

Dit is algemeen bekend dat die waens van Amerikaanse treine langer was as die gewone Britse waens. Dit is ook net een groot kompartement met sestig tot tagtig sitplekke. Aangesien dit bitter koud was, was daar nie veel passassiers nie en die wa waarin ek geklim het, was nie meer as half vol nie. Sonder dat ek bewus was daarvan, het ek in minder as tien of vyftien minute op elke leë sitplek in die kompartement gaan sit.

Die passasiers het my suspisies begin aankyk toe hulle sien hoe ek in die kort tydjie so aanmekaar van sitplek verander sonder enige sigbare doel. Wat my betref: ek het nie tóé geweet dat die fout in my hart was nie, al kon ek my rustelose verskuiwing van sitplek nie verklaar nie. Uiteindelik het ek in ’n sitplek in die hoek van die wa gaan sit met die besliste voorneme om te slaap.

Die oomblik wat ek egter my oë toegemaak het, het ek my tussen twee vure bevind! Aan die een kant was die Christen-haarkapper van New York, aan die ander kant die tamboerslaner van Gettysburg. Albei het met my gepraat oor daardie Jesus wie se Náám ek selfs gehaat het. Dit was ewe onmoontlik vir my om aan die slaap te raak as om die indruk wat op my gemoed gemaak is deur daardie twee getroue Christene van wie een my skaars ’n uur tevore gegroet het, terwyl die

ander reeds byna tien jaar dood was, uit te wis. Vir die res van my reis het ek beswaard en verslae gebly.

Toe ek in Washington aanland, het ek 'n oggendkoerant gekoop. Een van die eerste items wat my oog gevang het, was die aankondiging van 'n Herlewingsdiens in Dr. Rankin se kerk, die grootste kerk in Washington. Ek het skaars die aankondiging gelees, toe 'n stem binne my vir my sê: “Gaan na daardie kerk toe.” Ek was nooit voorheen gedurende 'n erediens in 'n Christelike kerk nie.

Op enige ander tydstip sou ek daardie idee as van die duiwel bestempel. Toe ek 'n seuntjie was, wou my vader graag hê dat ek 'n Rabbi moes word, daarom het ek hom belowe dat ek nooit 'n plek sou binnegaan waar “Jesus die bedrieër” as God aanbid word nie, en dat ek nooit 'n boek sou probeer lees waarin daardie Naam voorkom nie. Tot daardie oomblik het ek my woord getrou gehou.

Daar is geadverteer dat daar by Herlewingsdienste in die stad 'n massakoor sou optree uit verskeie kerke. Ek was 'n vurige musiek liefhebber daarom het dit my oog gevang. Ek het *dit* gebruik as verskoning om daardie aand die Herlewingsdiens by te woon.

Toe ek die gebou vol aanbidders binnegaan, het een van die deurwagte, ongetwyfeld getref deur my goue epilette (want ek was steeds in my uniform) my na 'n sitplek reg voor die predikant vergesel. Die prediker was 'n bekende evangelis in Engeland en Amerika. Die pragtige sang het my bekoor, maar die evangelis het nog nie vyf minute gepraat nie, toe kom ek tot die gevolgtrekking dat iemand hom moes ingelig het oor wie ek is. Ek het gedink dat hy met sy vinger na my wys, en elke nou en dan het dit gelyk asof hy sy vuis vir my skud.

Ten spyte van alles het ek egter diep belang gestel in wat hy gesê het. Maar dit was nie al nie: die woorde van die twee vorige predikers het in my ore weerklink – die Christen-barbier van New York en die tamboerslaner van Gettysburg – en die woorde van die evangelis beklemtoon. Voor my geestes oog kon ek daardie twee dierbare vriende weer hul boodskappe hoor herhaal. Soos ek meer en meer begin belangstel het in die prediker se woorde, het ek gevoel hoe die trane oor my gesig loop. Dit het my geskok. Ek het my begin skaam dat ek, 'n Ortodokse Jood, so kinderagtig kon wees om trane te stort in 'n Christelike Kerk; die eerste trane wat ek ooit in so 'n plek gestort het.

Ek het nagelaat om te sê dat die gedagte elke keer wat die prediker my aangekyk het gedurende die diens, by my opgekrom het dat hy na iemand agter my wys. Ek het omgedraai om te kyk na wie hy wys. Tot my verbasing het ek ontdek dat 'n gemeente van 200 uit alle lae van die samelewing blykbaar na my gekyk het. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat ek die enigste Jood in die plek was. Ek het myself vuriglik uit die gebou uit gewens, want ek het gevoel dat ek in slegte geselskap was.

Aangesien ek in Washington bekend was onder Jood sowel as nie-Jood, het die volgende gedagte my te binne geskiet: Hoe sal dit lees in 'n Washingtonse koerant dat *“Dr. Rossvally, 'n Jood, teenwoordig was by die Herlewingsdiens, minder as vyf minute se stap van die Sinagoge wat hy gewoonlik besoek – en dat daar gesien is dat hy trane gestort het gedurende die boodskap!”* Ek wou nie opvallend wees nie (want ek het van die gesigte herken) en het daarom besluit om nie die trane met my sakdoek af te vee nie – hulle

moes maar self droog word. Maar, geloofd sy die Here, ek kon hulle nie terug hou nie; hulle het al hoe vinniger begin loop.

Toe die prediker sy boodskap afsluit, was ek verbaas om te hoor dat daar nóg 'n byeenkoms is direk daarna. Hy het almal wat enigsins kon, genooi om dit by te woon.

Ek het die uitnodiging van die hand gewys, te dankbaar vir die geleentheid om weg te kom, en dit was met daardie intensie dat ek opgestaan het uit my sitplek. Toe ek by die deur kom, voel ek iemand aan my jas se soom trek. Toe ek omdraai, sien ek 'n ouerige dame, ene Mev. Young van Washington, 'n welbekende Christenwerker.

Sy het my aangespreek: “Verskoon my, vreemdeling, ek sien u is 'n offisier in die weermag. Ek het u vanaand dopgehou, en ek smeeek u om nie vanaand hierdie huis te verlaat nie, want ek dink u is onder besef van sonde. Ek glo u het hierheen gekom om die Verlosser te soek en u het Hom nog nie gevind nie. Kom asseblief terug. Ek wil baie graag met u praat, en as u my sou toelaat, vir u bid.”

“Mevrou,” het ek geantwoord, “ek is 'n Jood.”

“Ek gee nie om as u 'n Jood is nie; Jesus Christus het gesterf vir Jood sowel as heiden,” het sy geantwoord.

Die oorredende manier waarmee sy hierdie woorde uitgespreek het, was nie sonder effek nie. Ek het haar gevolg na dieselfde sitplek waaruit ek kort tevore so vinnig opgestaan het. Toe ons voor kom, sê sy: “As u sal kniel, sal ek vir u bid.”

“Mevrou, dis iets wat ek nog nooit gedoen het, en nooit sál doen nie,” want 'n Ortodokse Jood kniel slegs twee maal per jaar in gebed – by die Fees van

Trompette en op die Dag van Verootmoediging – en dan is dit ook nie kniel soos Christene dit doen nie; dis ’n uitgestrekte posisie op die grond.

Mev. Young het kalm in my gesig opgekyk en gesê: “Liewe vreemdeling, ek het só ’n dierbare en vergewende Verlosser gevind in die Here Jesus dat ek in my hart glo dat Hy ’n Jood wat op sy voete staan, kan red. Ek sal op my knieë gaan en daarvoor bid.”

Sy het die daad by die woord gevoeg en met haar Verlosser begin praat in gebed, op ’n eenvoudige kinderlike manier wat my skoon ontsenu het. Ek het my vir myself geskaam oor die ou dame wat naby my gekniel en so vurig vir my gebid het terwyl ek bly staan. My hele verlede het so duidelik voor my geestesoog verbygesweef dat ek innig gewens het die vloer wil oopgaan en my insluk!

Toe sy van haar knieë opstaan, het sy haar hand uitgesteek en met moederlike empatie gesê: “Sal u tot Jesus bid voordat u vanaand slaap?”

“Mevrou,” het ek geantwoord, “Ek sal tot my God bid, die God van Abraham, Isak en Jakob, maar nie tot Jesus nie.”

“Seën jou!” het sy gesê, “jou God van Abraham, Isak en Jakob is my Christus en jou Messias.”

“Goeie nag, mevrou, en dankie vir u vriendelikheid,” het ek gesê en die kerk verlaat.

Op pad huis toe het ek nagedink oor my vreemde ervaring. Ek het met myself begin redeneer: “Hoekom stel hierdie Christene so belang in Jood en heiden, totale vreemdelinge vir hulle? Is dit moontlik dat al die miljoene manne en vroue wat gedurende die afgelope 1800 jaar gelewe en gesterwe het in vertroue in Christus, verkeerd, en ’n handjievollige Jode, verstrooi oor die aarde, reg kan wees? Hoekom sou daardie

sterwende tamboerslanertjie net aan my ongeredde siel dink? En hoekom het die Christen-barbier van New York so opreg in my belang gestel? Hoekom het die prediker *my* vanaand uitgesonder en sy vinger na my gewys; en hoekom het die dierbare ou dame my deur toe gevolg en my terug gehou? Dit moet alles wees oor die liefde wat hulle het vir hulle Jesus wat ek so verag.”

Hoe meer ek hieroor gedink het, hoe slegter het ek gevoel.

Aan die ander kant, het ek geredeneer: “Is dit moontlik dat my vader en moeder wat my so liefgehad het, my iets sou leer wat verkeerd was? Toe ek ’n kind was, het hulle my geleer om Jesus te haat; dat daar maar één God was, en dat Hy geen Seun gehad het nie.”

In my hart het ek die begeerte voel posvat om die Jesus wat die Christene so liefhet en aanbid, te leer ken. Ek het vinniger begin loop, vasbeslote dat, as daar enige waarheid in die aanbidding van Jesus Christus is, ek iets daarvan sou weet voordat ek gaan slaap.

Toe ek tuiskom, het my vrou (’n streng ortokse Jodin) gedink dat ek redelik opgewonde voorgekom het en gevra waar ek was.

Ek kon haar nie die waarheid vertel nie, en lieg sou ek nie, toe sê ek: “Vrou, moet asseblief nie vrae vra nie. Ek het belangrike besigheid om aandag aan te skenk. Ek gaan na my studeerkamer toe en wil nie gesteur word nie.”

Ek het onmiddellik studeerkamer toe gegaan, die deur gesluit en begin bid, my gesig na die ooste gedraai soos my gewoonte was.

Hoe meer ek gebid het, hoe slegter het ek gevoel. Ek kon die gevoel wat oor my gekom het nie verduidelik nie. Ek was verward oor die betekenis van die profesieë van die Ou Testament waarin ek 'n diep belangstelling gehad het. My gebede het geen bevrediging verskaf nie. Toe dring dit tot my deur dat, as ek sou kniel, ek bedrieg sou word om só my knie te buig voor daardie Jesus wat, soos ek van kindsbeen geleer is, 'n bedrieër was.

Alhoewel die nag bitter koud was en geen vuur in die kaggel gebrand het nie (niemand het gedink ek sou die studeerkamer daardie aand gebruik nie), het my gebedsriem (“phylacteries”) my oog gevang waar dit teen die studeerkamermuur gehang het. Sedert my dertiende verjaarsdag het daar nie 'n dag omgegaan wat ek dit nie gedra het nie, behalwe op Joodse sabbate en feeste. Ek het hulle baie liefgehad. Ek het hulle in my hand geneem en terwyl ek na hulle, kyk het **Genesis 49:10** deur my gedagtes geskiet: “*Jy (Juda) sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Sion kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.*”

Twee ander Skrifgedeeltes wat ek ook dikwels gelees en oordink het, het duidelik by my opgekom. Die eerste was **Miga 5:1**: “*En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.*”

Die tweede Skrifgedeelte was die welbekende profesie in **Jesaja 7:14**: “*Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.*”

Die drie Skrifgedeeltes het my gedagtes met soveel krag beïndruk dat ek uitegeroep het: “O Here, God van Abraham, en Isak en Jakob, U weet dat ek opreg is in hierdie saak. As Jesus Christus die Seun van God is, openbaar Hom in hierdie nag aan my, en ek sal Hom aanneem as my Messias!”

Ek het dit skaars gesê, toe slinger ek byna sonder dat ek dit weet my gebedsriem in die hoek van die vertrek in. Vinniger as wat jy kan sê “mes”, was ek in dieselfde hoek, langs my gebedsriem, op my knieë in gebed.

Vir ’n Jood was dit godslasterlik om die gebedsriem so neer te gooi soos ek gedoen het. Ek was nou vir die eerte keer in my lewe op my knieë om te bid en my verstand was in ’n warboel en in vertwyfeling oor die wysheid van my optrede.

My gevoelens op daardie tydstip is die beste uitgedruk in die eerste hymn wat ek ooit gekomponeer het na my bekering. Ek het dit opgedra aan die predikant wat my so kragtig beïndruk het:

LEAVE ME NOT ALONE!

THE PRAYER OF A CONVERTED JEW.

Opgedra aan my dierbare vriend, E. Paysond Hammond.

*My life is filled with sad regrets;
No peace attends my way;
Each day the sun in darkness sets,
Oh, hear me, Lord, I pray.
Oh, let me not in darkness rove,
But melt my heart of stone;
Accept my faint attempts at love,
And fix my heart on things above,*

*Come, Holy Spirit, heavenly Dove,
Oh, leave me not alone.*

*Indulgent God of love and power,
To Thee for help I fly;
Be with me at this solemn hour,
And hear my contrite sigh;
Renew my heart and be my Guide
To Thy celestial throne.
Oh, let me see Thy wounded side;
I come to Thee the crucified;
Lord, condescend to be my Guide,
Oh, leave me not alone.*

*My heart with inward horror shrinks,
I feel this load of sin;
Far from the shadow of Thy wings,
All darkness is within.
Now, take me, Lord, unto Thy care,
And melt my heart of stone;
My load is more than I can bear
And Thou didst not disdain to hear
The publican in fervant prayer,
Oh, leave me not alone.*

*I know Thou canst not let me go –
Thy blood for me was shed;
Now let me sink beneath its flow,
And raise me from the dead,
And bid me stretch my withered arm
To Thee Whose love is shown,
And grasp Thy mantle with its charms
To take from Death its dread alarm,
And then, reclining on Thy arm,
I shall not be alone.*

Ek sal my eerste gebed tot Jesus nooit vergeet nie.
Dit was soos volg: “O, Here Jesus Christus, as U die

Seun van God is, as U die Verlosser van die wêreld is, as U die Jode se Messias is vir wie ons nog wag, en as U sondaars kan omkeer soos die Christene sê, kan U my ook bekeer, want ek is 'n sondaar, en ek sal belowe om U al die dae van my lewe te dien.”

Hierdie gebed van my het egter nie hoër as my kop gegaan nie. Ek het nie nodig gehad om ver te soek vir die rede hiervoor nie! Ek het met Jesus probeer onderhandel, en as Hy sou doen wat ék vra, sou ek op my beurt doen wat ek Hóm belowe het.

Ek het vir amper 'n halfuur op my knieë gebly terwyl sweetdruppels oor my gesig geloop het. My kop het warm gevoel en ek het dit teen die studeerkamer-muur gedruk om af te koel. Ek was in diepe angs, maar ek was nie bekeer nie. Ek het opgestaan om in die kamer op en af te loop. Toe kom die gedagte by my op dat ek reeds te ver gegaan het en ek het 'n eed geneem dat ek nooit weer op my knieë sou gaan nie.

Ek het met myself begin redeneer: “Hoekom moet ek op my knieë gaan? Kan die God van Abraham wat ek my hele lewe lank liefgehad, gedien en aanbid het, nie vir my doen wat Christus blykbaar vir die heidene doen nie?”

Ek het natuurlik vanuit 'n Joodse perspektief daarna gekyk en aanhou redeneer: “Hoekom moet ek na die Seun toe gaan? Is die Vader nie bo die Seun verhewe nie?”

Hoe meer ek geredeneer het, hoe slegter het ek gevoel, en ek het toenemend verward geraak. In een hoek van die vertrek het my gebedsriem wat steeds 'n magnetiese houvas op my gehad het, gelê. Ek het my instinktief daarna gewend. Ek het weer op my knieë neergeval, maar dit was nie uit eie keuse nie, tog kon ek geen woord uitkry nie. My hart was stukkend,

want ek het die opregte begeerte gehad om Christus, as Hy die Messias was, te leer ken.

Ek het van kwart oor tien die aand tot omtrent vyf voor twee die oggend kort-kort van posisie verander: dán het ek gekniel, dán op-en-af geloop. Toe het die lig begin deurbreek en ek het gevoel en in my hart begin glo dat Jesus Christus waarlik die Messias was!

Die oomblik toe ek dit besef het, het ek vir die laaste keer daardie nag op my knieë neergeval. Hierdie keer was alle twyfel weg. Ek het God begin loof, want 'n vreugde en blydschap soos ek nog nooit tevore beleef het nie, het my siel binnegedring.

Ek het die ware Silo gevind, die Regeerder van Israel, Immanuel – “*God met ons*”. Ek het Jesaja se boodskap aangaande die ware Messias, Jesus – wat “*verag (was) en deur mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid;*” wat “*ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede (is) verbrysel (is); die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*” (**Jesaja 53:5**) – geglo.

Ek het Hom gesien wat hulle deurboor het, en ek het geweet dat ek bekeer is en dat God, om Christus ontwil, my sondes vergewe het.

Ek het nou geweet dat nòg besnydenis nòg onbesnydenis enige nut gehad het; nèt ’n nuwe skepsel.

Ek het van my knieë af opgestaan en, in my nuutgevonde geluk, gedink dat my vrou dadelik my vreugde met my sou deel wanneer ek haar vertel van die verandering wat in my plaasgevind het. Met dié gedagte het ek my uit die studeerkamer gehaas en kamer toe gegaan, want my vrou het alreeds gaan slaap alhoewel die gas nog nie toegedraai was nie.

Ek het my arms om my vrou se nek geslaan en haar gretig begin soen en gesê: “Vrou, ek het die Messias gevind.”

Sy het vererg na my gekyk, my kil van haar af weggestoot en gevra: “Jy’t wié gevind?”

“Jesus Christus, my Messias en Verlosser.”

Sy het nie weer met my gepraat nie, maar binne vyftien minute was sy aangetrek en het sy die huis verlaat, al was dit twee-uur in die oggend en bitter koud. Sy het na haar ouers toe gegaan wat oorkant ons gewoon het.

Ek het haar nie gevolg nie, maar op my knieë neergeval en my nuutgevonde Verlosser gesmeek dat my vrou se oë ook sou oopgaan soos myne. Daarna het ek gaan slaap.

My arme vrou se ouers het die volgende oggend vir haar gesê dat, as sy my ooit weer ‘eggenoot’ sou noem, sy onterf, uitgebán uit die sinagoge, en vervloek sou word. Hulle het my twee kinders laat haal en vir hulle gesê om my nooit weer ‘vader’ te noem nie, aangesien ek in my aanbidding van Jesus die “bedrieër” *net* so sleg was soos Hy.

O, die verstokte haat van die mens se hart vir die Evangelie van God! Die skrywer van die brief aan die Romeine – die Hebreër van die Hebreërs – het tereg verklaar dat: “⁹...*Jode sowel as Grieke ... onder die sonde is, ¹⁰soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. ... ²³want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God,*” (**Romeine 3**).

Vyf dae na my bekering het ek opdrag van die Sjirurg-Generaal in Washington ontvang om op reis te gaan vir Staatsake. Ek het alles in my vermoë gedoen om persoonlik met my vrou te kommunikeer en haar

te groet, maar sy wou my nòg sien nòg aan my skryf. Sy het egter 'n boodskap met die buurman gestuur: solank ek Jesus Christus my Verlosser noem, moet ek haar nie my vrou noem nie, want sy sal nie by my bly nie. Ek het nie so 'n boodskap van my vrou verwag nie. Ek het haar en my kinders baie liefgehad. Dit was met 'n swaar hart wat ek dus daardie oggend my huis verlaat het op my reis van 1300 myl na my verpligtinge – sonder dat ek my vrou of kinders kon sien.

Vier-en-vyftig dae lank het my vrou geen brief van my beantwoord nie, al het ek elke dag aan haar geskryf. Met elke brief het ek gebid dat die Here haar gewillig moet maak om die brief te lees, of ten minste één van hulle! Ek was seker dat sy, as sy maar net een van my briewe sou lees – want in elkeen is Christus verkondig en die vreugde wat ek in my siel ervaar het, vertel – sy haar woorde en dade voor my vertrek van die huis af in heroorweging sou neem. Nooit in my lewe is Cowper se vers meer betekenisvol vervul nie:

*God moves in a mysterious way
His wonders to perform;
He plants His footsteps in the sea,
And rides upon the storm.*

Dit was as gevolg van my dogter se ongehoorsaamheid wat my vrou tot bekering gekom het! My dogter is die jongste van ons kinders en word oor die algemeen gereken as my witbroodjie. Na my bekering was sy in 'n voortdurende stryd as gevolg van 'n pligsbesef teenoor haar ma aan die een kant, en haar liefde vir my aan die ander kant.

Op die drie-en-vyftigste aand na my vertrek het sy gedroom ek sterf. Angs het haar oorval en sy het besluit dat, kom wat wil, sy nie die volgende brief in haar pa se handskrif sou vernietig nie. Die volgende oggend het sy die posman by die deur ingewag.

Sy het dadelik my brief uit die pak briewe gehaal en dit vinnig in haar rok ingedruk. Sy het met die trappe opgehardloop na haar kamer toe, die deur gesluit en die brief oopgeskeur. Sy het begin lees en die brief nog drie maal gelees voordat sy dit neergesit het. Die brief het haar só hartseer gemaak dat haar ma toe sy ondertoe gaan, gesien het die kind het gehuil. Sy het dadelik gevra wat haar so ongelukkig maak.

“Mamma, as ek vir u sê, sal u baie ongelukkig wees. As u egter belowe om nie hartseer te wees nie, sal ek u alles vertel.”

“Wat is dit, my kind?” het sy gevra.

Die kind het die brief onder haar rok uitgehaal. Sy het haar ma vertel van haar droom die vorige nag en bygevoeg: “Ek het vanoggend Pappa se brief oopgemaak en nou kan ek nie – nee, ek wil nie – glo wat Ouma en Oupa of enigiemand anders sê, dat Pappa ’n slegte man is nie, want ’n slegte man kán nie ’n brief soos hierdie een vir sy vrou en kinders skryf nie! Ek smeeek u om hierdie brief te lees, Mamma.”

Sy het die brief aan haar moeder oorhandig.

My vrou het die brief geneem en dit in die aangrensende vertrek gaan toesluit in die laai van haar lessenaar.

Daardie middag het sy haarself in haar slaapkamer toegesluit. Sy het haar lessenaar oopgesluit, my brief uitgehaal en dit begin lees. Hoe verder sy gelees het, hoe slegter het sy gevoel. Sy het my later vertel dat sy dit vyfkeer deurgelees het voordat sy dit neergesit het.

Nadat sy dit die laaste keer deurgelees het, het sy dit weer in die lessenaar toegesluit. Sy is weer terug kamer toe, haar oë vol trane.

Dit was nou my dogter se beurt om te vra: “Moeder, waarom huil u?”

“My kind, ek het ’n pyn in my hart,” was die antwoord. “Ek wil ’n bietjie op die bank lê.” Sy het die daad by die woord gevoeg. Die bediende het vir haar tee gemaak, want sy het gedink dis al wat nodig is om die hartkramp weg te neem. Ek is seker dat hierdie raat in baie gevalle sou help, maar in my arme vrou se geval het dit geen verligting gebring nie.

Haar ma het na ’n rukkie oorgekom na ons huis toe. Sy het gedink my vrou is baie siek en het vir haar medisyne geneem, soos moeders dikwels doen. Ook dít het geen verligting gebring nie.

Halfagt die aand het my skoonmoeder Dr. D___ laat haal. Hy het dadelik gekom en medisyne voorgeskryf. Ook sý medisyne het nie gehelp om die pyn waarvan my vrou gekla het te verlig nie.

My skoonmoeder het daardie aand tot kwart-oor-elf by ons huis gebly om my vrou te versorg. My vrou het later vertel dat sy gewens het haar moeder wil liever uitgaan, want sy het besluit om, soos ek vroeër gedoen het, op haar knieë te gaan sodra haar moeder weg is.

Haar ma het skaars die huis verlaat, toe my vrou die deur sluit en langs haar bed op haar knieë neerval. Binne minder as twee minute het Christus die Groot Geneesheer haar ontmoet, genees en gered!

Toe sy ophou om self te probeer en vas te hou aan wêreldse wysheid en tevergeefse tradisies en sy, net soos ek, haarself totaal oorgegee het aan God – liggaam, siel en gees – het sy die Heilige Gees gereed gevind. Hy was gereed om haar blinde oë oop te maak

en haar van die duisternis weg te keer na die Lig toe, en van die mag van Satan tot God (**Handelinge 26:18**). Die oomblik wat sy in staat was om te kyk na “die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” kon sy saam met Filippus van ouds sê: “Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef.” en saam met Nataniël: “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!” (**Johannes 1:29, 45, 49**).

Die volgende dag het ek ’n telegram ontvang: “My liewe man: Kom dadelik huis toe. Ek het gedink jy is verkeerd en ek reg, maar ek het uitgevind dat jy reg was en ék verkeerd. Jóú Christus is my Messias; jou Jesus my Verlosser. Gisteraand, om negentien minute oor elf, vir die eerste keer in my lewe op my knieë, het die Here Jesus my siel gered.”

Nadat ek die telegram gelees het, het dit vir ’n oomblik gevoel asof ek nie ’n duit omgee vir die Regering vir wie ek gewerk het nie. Ek het alles net so gelos en die eerste sneltrein Washington toe gehaal.

Omdat my huis bekend was – veral onder die Jode, want het ek gereeld in die Sinagoge gesing – en ek nie ’n opskudding wou veroorsaak nie, het ek getelegraveer dat my vrou my nie op die stasie moes ontmoet nie. Ek sou self ’n perdewa kry om my rustig huis toe te neem sodra ek in Washington aankom. Toe ek voor my huis stop, het ek my vrou in die oop voordeur sien staan – sy het my verwag. Haar gesig het gestraal van vreugde. Toe ek van die kar afklim, het sy my tegemoet gehardloop. Sy het haar arms om my nek gegooi en my gesoen.

Haar vader en moeder het oorkant die straat ook by hulle voordeur gestaan. Toe hulle ons in mekaar se arms sien, het hulle beide my en my vrou begin vloek.

Tien dae na my vrou se bekering het my dogter die Here Jesus Christus as haar Verlosser aangeneem. Sy is nou die vrou van 'n Christen en staan saam met haar man in diens van Christus. My seun (kon ek maar dieselfde van hom sê as van sy suster!) is deur sy grootouers aan moederskant belowe dat hulle al hul besittings aan hom sou nalaat as hy my nooit weer “vader” en my vrou “moeder” sou noem nie. Tot dusver het hy sy belofte gehou.

'n Jaar en nege maande na haar bekering is my vrou oorlede. Kort voor haar dood het sy die hartsbegeerte uitgespreek om haar seun te sien. Hy het omtrent 7 minute se stap van ons af gewoon. Ek het weer en weer boodskappers gestuur om hom te smee om sy sterwende moeder te kom sien. Een van die dorp se predikante en sy vrou het my seun saam gaan sien om hom oor te haal om aan sy sterwende moeder se versoek te voldoen, maar sy enigste antwoord was: “Laat haar vervloek wees, laat haar sterf, sy is nie my moeder nie.”

Die oggend van haar dood (dit was 'n Donderdag) het my vrou gevra dat soveel van die gemeente as wat kon, moes kom om by haar te wees in haar sterwensuur. Om 10h30 het sy mev. Ryle, die predikant se vrou en 'n dierbare vriendin, gevra om haar linkerhand te neem en al die vroue in die vertrek te vra om hande te hou. Ek het aan die ander kant van die bed gestaan en het haar regterhand geneem en met die manne hande gehou. So het ons op my vrou se versoek 'n kring gevorm, ongeveer agt-en-dertig van ons. En toe sing ons:

*Jesus, Lover of my soul,
Let me to Thy bosom fly,
While the nearer waters roll,
While the tempest still is high –
Hide me, O my Saviour, hide,
Till the storm of life is past;
Safe into the heaven guide;
O receive my soul at last.*

En toe baie sag.

*Thou, O Christ, are all I want,
More than all in Thee I find;
Raise the fallen, cheer the faint,
Heal the sick and lead the blind.
Just and holy is Thy Name,
I am all unrighteousness;
Vile and full of sin I am,
Thou art full of truth and grace.*

Toe ons die laaste vers sing, het my vrou in 'n swak, tog helder stem gesê: “Ja, dit is al wat ek begeer; dit is al wat ek het. Kom Here Jesus, neem my huistoe.” En toe sterf sy.

Sy wat van kindsbeen af geleer is om die Naam van Jesus te haat, het deur genade geleer om daardie *Naam bo alle name* na waarde te skat as die Een Wat haar siel kort gelede gered het; wat haar gelukkig gemaak en gehou het gedurende die laaste moeilike maande; wat haar in ons teenwoordigheid 'n triomfantelike uittog uit hierdie wêreld van sonde en smart veroorsaak het – tot in die ewige woonplek wat

gereed gemaak is vir Abraham, Isak en Jakob en al die verlostes – Jood sowel as nie-Jood.

Ek het die manier waarop my vrou *Huistoe* is in die volgende gedig probeer vaslê:

I AM COMING

*O glorious hour! I'm going home,
The gates ajar for me,
The angel's wings are rustling near,
Their forms I almost see.
The shadow of that sinless throng
Are falling over me;
Saviour! loving Saviour!
I come, I come to Thee.*

Chorus

*I am coming, I am coming,
Coming now to Thee;
I am coming, blessed Saviour,
Coming now to Thee.*

*What though this temple slow decays,
And pain is hard to bear,
I have a home not made with hands
Eternal over there.
Thy blood alone has purchased it,
Those mansions bright and free,
Jesus! loving Jesus!
I come, I come to Thee.*

*O glorious hour! the gates of pearl
Are open wide, I'm free;*

*The angel songs are ringing clear,
Praise God, praise God with me;
My work is done, I'm going home,
Sinless soon I'll be;
Saviour! loving Saviour!
I come, I come to Thee.*

My seun het geweier om haar begrafnis by te woon. Sover ek weet, het hy tot dusver nòg sy moeder se graf besoek, nòg vir my sy vader genoem. Sedert my bekering het hy nog geen brief van my beantwoord nie al het ek driemaal die Atlatiese Oseaan van Amerika af oorgesteek Duitsland toe om hom te probeer sien en versoen te raak met hom. Ek het egter elke keer gefaal, want hy het geweier om my te sien. Dit het my egter gedring tot vuriger gebed vir hom: dat ook hý verlos mag word van die slawerny van die Joodse vooroordeel en in Jesus “*die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*” (Johannes 1¹⁹) mag glo. ’n Vierde besoek aan Duitsland in Julie 1887, het my geloof bevestig en versterk. Nie alleen het my seun hierdie keer ingestem om my te sien nie, hy het ook bitterlik gehuil oor die verlede. Hy het verder gesê dat hy vasberade was om sy suster in Amerika te gaan sien.

Ek het onmiddellik na my bekering vir my ma wat in Duitsland gewoon het, geskryf want ek wou haar vertel hoe ek die Messias gevind het. Ek kon nie die goeie nuus van haar weerhou nie, en ek was oortuig dat sy my, die oudste van haar veertien kinders, sou glo. My grootste begeerte na my bekering was immers dat al my vriende, Jood sowel as nie-Jood, moes deel in my vreugde. Ek het gevoel soos die Psalmis toe hy geskryf het: “*Kom luister, en laat my vertel, julle almal*

wat God vrees, wat Hy aan my siel gedoen het.” (Ps. 66¹⁶). Maar hierdie hoop was sover dit my moeder betref, bestem tot bittere teleurstelling. Sy het net een brief aan my geskryf – as ’n mens ’n vervloeking ’n brief kan noem. Haar lang stilswye het my uiteindelik laat vermoed dat sy my, as sy ooit sou skryf, slegs die vervloeking sou stuur wat elke Jood van sy naasbestaandes kan verwag wanneer hy ’n Christen word, want my ma het voor my bekering elke maand geskryf. Hierdie vermoede is na vyf maande van afwagting bevestig.

Een oggend toe die pos afgelewer is, het ek ’n kovert gesien met ’n Duitse stempel op. My ma se geliefde handskrif was voorop. Toe ek dit sien, het ek vir my vrou wat by my was, gesê: “Vrou, dit het uiteindelik gekom!” Ek het seker nie nodig om te sê dat ek daardie brief eerste oopgemaak het nie. Daar was geen opskrif nie, geen datum, geen: ‘My lieve seun’ soos sy al haar vorige briewe begin het nie. Dit het soos volg gelees:

MAX - Jy is nie meer my seun nie. Ons het jou begrawe en ons rou oor jou soos oor ’n dooie. Mag die God van Abraham, Isak en Jakob jou met blindheid slaan, doof en stom, en mag jou siel vir ewig verdoem wees. Jy het jou vader se geloof en die Sinagoge verlaat vir daardie Jesus ‘die Bedrieër’; neem dan nou jou moeder se vervloeking aan. - CLARA

Alhoewel ek teen daardie tyd die volle koste bereken het van wat dit my sou kos om die Evangelie van Jesus Christus aan te neem, en ek geweet het wat ek van my familie moes verwag omdat ek my rug op

die Sinagoge gedraai het, moet ek bely dat ek nie voorbereid was vir so 'n brief van my ma af nie. Ek en my liewe vrou kon nou ten minste meer empatie met mekaar hê in ons nuwe lewe, aangesien haar ouers haar reeds in haar gesig vervloek het oor haar geloof in Christus. Tog was dit nie net hartseer nie, want die Psalmis se woorde was nooit voorheen so vol bemoediging vir beide my vrou en myself nie: “*Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die HERE sal my aanneem.*” (Ps. 17¹⁰).

Niemand moet dink dat dit maklik is vir 'n Jood om 'n Christen te word nie. Enige Jood wat daarvan verdink word dat hy goedkeuring verleen aan die Christendom, moet bereid wees om vader, moeder en vrou om God se onthalwe te versak ter wille van die Koninkryk. Dit moet hy doen omdat oorwegings na kom vore wat sy liefde en eie belang geld. Hierdie vervolging het my egter gelei om die woorde van my nuutgevonde Meester te waardeer: “*Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.*” (Matteus 19^{28,29}).

Ek het'n paar dae later my moeder se brief met die volgende woorde beantwoord:

ANSWER TO MY MOTHER'S CURSE

*Far away from home, my mother,
Daily I will pray for thee,
Why should I be cursed, my mother?
Why such message sent to me?
Once convinced of sin, my mother,
I cried, "Jesus, set me free!"
I am happy now, my mother,
Christ the Jew has died for me.*

*Him you taught me to hate, mother,
Him you still "Imposter" call,
Died for me on Calvary, mother,
Died to save me from the Fall.
Let me lead you to Him, mother,
While I pray on bended knee;
"Jesus, now accept my mother;
O Lord Jesus, set her free!"*

*Be persuaded, dearest mother,
Do not now so hardened be;
Jesus Christ, the Jew's Messiah,
Surely died for you and me.
Can you spurn such mercy, mother?
Can you turn away your face?
Come to Jesus, come, dear mother,
Fly, oh fly to His embrace!*

Alhoewel sy nooit daarna vir my geskryf het nie, het ek gehoor dat die laaste woord wat sy op haar sterfbed gesê het, my naam was: 'Max'. Wie weet of die gedagte aan die vloek wat sy uitgespreek het en die sielsverlange van 'n Jood vasgevang in Judaïsme haar

nie in haar laaste oomblikke gelei het om die Godegewe Lam te vind in die ware Messias – JESUS nie! (Johannes 4^{25,26}; 6³⁷)...



Die vervolg op “Charlie Coulson” moet nog vertel word.

Ongeveer agttien maande na my bekering het ek een aand ’n biduur bygewoon in Brooklyn. Dit was ’n geleentheid waar Christene getuig het van hul Redder se goedertierenheid. Nadat ’n paar mense gepraat het, het ’n bejaarde dame opgestaan.

Sy het gesê: “Liewe vriende, miskien is dit die laaste keer wat ek vir Christus kan getuig. My dokter het gister vir my gesê dat my linker long baie sleg is, dus het ek maar ’n kort tydjie by julle oor. Gelukkig behoort alles wat van my oor is aan Jesus. Ag! dit is so ’n groot vreugde om weet dat ek my seun by Jesus in die hemel sal sien. My seun was nie net ’n soldaat vir sy land nie, maar ’n soldaat vir Christus. Hy is in die slag van Gettysburg gewond en sy arm en been is deur ’n Joodse dokter afgesit. Hy is egter vyf dae na die operasie oorlede. Die kapelaan van sy regiment het vir my geskryf en my seun se Bybel aan my gestuur. In hierdie brief is ek meegedeel dat my Charlie die Joodse dokter in sy sterwensuur laat roep het en vir hom gesê het: ‘Dokter, voor ek sterf, wil ek graag vir jou sê dat ek vyf dae gelede, terwyl jy my arm en been geamputeer het, tot die Here Jesus Christus gebid het om jou siel te red!’”

Toe ek hierdie vrou se getuienis hoor, kon ek nie langer stilsit nie. Ek het opgestaan en my deur die vertrek gehaas. Ek het haar hand geneem en gesê:

“Mag die Here u seën, my liewe suster; u seun se gebed is gehoor en beantwoord. Ek is die Joodse dokter vir wie u Charlie gebid het, en sy Verlosser is nou my Verlosser.” ’n Hemelse gloed het oor die vergadering gekom toe hulle die roerende gesig van Jood en nie-Jood wat “een in Christus” gemaak is, sien en Sy wonderlike krag daarin sien dat Hy die sterwende tamboerslaner instaat gestel het om die Gees van sy Meester bekend te stel deur vir die vyande van die kruis te bid; in die wonderlike antwoord op die sterwende seun se gebed, en in die wonderlike vooruitsig van die hereniging van die groot verlose menigte wat geen mens kan tel nie uit elke stam, taal, volk en nasie.

*And there among the saved at last,
For ever blest and glad,
The mother dear and doctor saved
Shall meet that drummer lad.*



In Oktober 1887 het die dokter geskryf: “Dit is met groot vreugde en ’n dankbare hart dat ek my liewe seun se bekering neerskryf. Ek glo vas dat die Redder reeds vir ’n tyd voor ons ontmoeting in Julie 1887 sy hart beswaar het. Vir die eerste keer in veertien jaar het hy my “vader” genoem. Hy het bitterlik gehuil by ons ontmoeting, en dit het geblyk dat dit sy hartsverlange was om sy suster weer te sien. My hart het van vreugde in my gesprink toe ek dit hoor, want ek het geweet dat hy in goeie hande sou wees by sy sussie, ’n toegewyde Christen in Amerika.

“Nadat hy ’n paar dae saam met my en ’n paar vriende deur Duitsland gereis het (waartydens hy vryelik met my oor sy moeder gepraat het, met groot spyt omdat hy geweier het om haar voor haar dood te gaan sien, en die wens uitgespreek het om haar in die hemel te sien), het my seun Amerika toe vertrek waar hy sy suster op Maandag-middag, 15 Augustus, ontmoet het. ’n Mens kan jou skaars indink hoe daardie ontmoeting was, wat nog te sê dit op papier neerskryf, want hulle het mekaar byna veertien jaar tevore laas gesien! Die volgende Vrydag het my seun sy suster gevra om saam met hom na hulle moeder se graf te gaan. My dogter het daardie aand aan my geskryf dat haar broer se hart byna gebreek het by sy moeder se graf. Sy het geskryf: ‘Liewe Pappa, ek dank God dat my broer onder sondebeseft is. Hy beseft ten volle dat hy sy plig versuim het teenoor sy vader, moeder en suster. Ek en my man en ook baie Christenvriende hier by ons bid aanhoudend vir sy redding.’

“Op Vrydag 29 Augustus het hy weer sy ma se graf besoek – hierdie keer alleen. Terwyl hy daar was, het God in Sy genade en om Christus wil sy sondes vergewe en sy siel gered. Hy het huis toe gegaan om die goeie nuus vir sy sussie te vertel en het nog daardie aand vir my geskryf. Hy het nie geweet dat sy sussie ook vir my geskryf het nie, en albei briewe het gelyk by my aangekom. Dit het die dag vir my waarlik ’n dag van goeie tyding gemaak. Ek is beloon vir die baie jare van hartseer wat ek deurgemaak het en dit het my saam met die Psalmdigter (Ps. 30:6) laat uitroep: *‘saans vernag die geweene, maar smôrens is daar gejuig.’*

“Ter afsluiting: ek bid dat God my lewe sal spaar dat ek my enigste seun kan hoor wanneer hy die

Evangelie van die Verlosser wat hy so lank verwerp het, maar wat nou sy **ALLES** is, preek (Kolossense 3:11), want hy het in sy laaste brief vir my geskryf dat hy nou besig is om hom voor te berei vir evangelisasiewerk.”



’n Rukkie na sy bekering het dr. Rossvally bedank uit die weermag van die Verenigde State en die Evangelie onder sy Joodse broers begin preek. Hy is fel teengestaan en vervolgd, maar het voortgegaan en het die vreugde daarvan gesmaak om baie Jode en Jodinne na die HERE te sien kom om Hom te bely as hulle Verlosser en Saligmaker.

Hy het lang evangelisasie toere onderneem na baie dele van Amerika, Kanada en Europa waartydens hy die Woord gepreek het. Hy is gebruik om baie mense – Jode en nie-Jode – na Christus te lei.

Op ’n paar jare van vreugdevolle diens het daar vir hom ’n tydperk van groot lyde gevolg en hy is in Oktober 1892 oorlede om “by die HERE” wie se Naam hy liefgehad het te wees; die HERE wie se Evangelie hy bewys het as die krag van God in sy redding.

Sy “VERHAAL VAN CHARLIE COULSON DIE TAMBOER-SLANER” is wyd versprei oor baie lande, en die getuienis daarin vervat, dra die boodskap van die reddende genade en krag van God. Dit was reeds ’n boodskap van lewe en redding vir BAIE.

Mag dit ook so wees vir die leser wat, ongeag sy nasie, godsdiens, geloof of karakter, ’n sondaar is voor God en wat ’n Verlosser nodig het. Daar is Één – slegs

Een – wat deur God Self hiervoor voorsien is: Sy Naam is Jesus Christus.

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” (**Johannes 3:16**).

“Dit is ’n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.” (**1Timoteus 1:15**).

“Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” (**Jesaja 53:5**).

“As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;” (**Romeine 10:9**)

1) ’n Barbier is byna dieselfde as ons hedendaagse manshaarkappers

